RAADSBELEID

ONDERWERP : VERKLARING TOT OPLEIDINGSINRIGTING : KLAS IV DUIKERS

VERWYSING : 17.8.R

BESLUIT NR : 13.3/03/2003 DATUM : 31 Maart 2003

BELEIDSOOGMERK : Om Klas IV Reddingsduikwerk aan te bied soos bepaal deur die Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid, 1993 (Wet 85 van 1993).

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad wil bydra tot die bemagtiging van die gemeenskap in die breë deur duikkursusse aan te bied.

RIGLYNE

1. Kandidate moet kan swem.

2. Kandidate moet fisies fiks wees.

3. 'n Mediese ondersoek op die kandidaat moet deur 'n duik mediese praktisyn gedoen word.

4. Vervoerkoste na die opleidingsterrein is vir die Raad se rekening.

5. Opleiding geskied volgens die Duikregulasies soos deur die Departement van Arbeid uitgereik.

6. Duike van 30 meter diepte en zero sig moet ondergaan word , ten einde as 'n Klas IV Reddingsduiker te kwalifiseer.

7. Die Hoof Brandweer moet die kursus ten minste 1 maand voor aanvang by die Departement Arbeid te Pretoria registreer.

PROSEDURE

1. Voornemende duikers moet die Opleidingsentrum van 2 ID foto's en die voorgeskrewe fooi, vir registrasie by die Departement van Arbeid, voorsien.

2. 'n Beëdigde afskrif van die mediese sertifikaat en aansoekvorm moet aan die Departement Arbeid te Pretoria gestuur word.

3. Alle beskermende klere en silinders vir leerling duikers van buite instansies moet self deur die kandidaat voorsien word.

4. Kursusgelde is vooruitbetaalbaar.

5. ‘n Vrywaringsvorm moet, voor die aanvang van die kursus deur die kandidaat onderteken word.

6. Ligte etes sal by die duikkursus by die Mas te Kakamas en Boegoebergdam voorsien word.

7. Twee ritte oor naweke is deel van die kursus na die Mas te Kakamas vir 30m diepte en te Boegoeberg vir donker vloeiende water.

8. Die Raad van Munisipaliteit //Khara Hais sal slegs reis-en-verblyf betaal aan leerling duikers (brandweerpersoneel) van die Raad asook vir die jaarlikse mediese sertifisering deur ‘n Sportdokter te Nababeep of totdat ‘n Sportdokter op Upington beskikbaar is.

ROLLE
1. Die verantwoordelike Direkteur.
2. Die Brandweerhoof.
3. Die Duikinstrukteur/toesighouer.

VERWANTE BELEID
Tariefbundel.
Die Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid, 1993 (Wet 85 van 1993).

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.